

2 Oktober

Misterie en die raadsplan van die lewende Here

Skrifgedeelte: Job 39:1-33
Fokusgedeelte: Job. 39:8, 12, 16, 29

Die lewende God is soewerein. Daarom is sy raadsplan nie (ongelukkig!) ontdaan van die tragiese, die traumatiese of selfs die onverstaanbare nie. 'n Misterie ... en ek besef dat ek gestremdheid (my eie of dié van my dierbare) nie bloot op grond van rasonale geloofskennis hoef te verklaar nie! En die inspirasie ontwaak om ook gestremdheid 'n plek toe te ken in die kamers van my hart waar my geloof gevestig is.

In Job 39 kom die werklikheid van die misterie in Gods raadsplan na vore. Té hoog, te ingewikkeld, 'n misterie ... Die Here sê:

- Die wildedonkie ... hy is ontembaar, en tog bestaan die misterie daarin dat God só 'n dier, wat vir die mens niks beteken nie, deel maak van sy skepping!
- Die buffel ... toonbeeld van krag, maar vir die mens onbruikbaar. Maar ook die buffel is deel van God se skepping. Die grootheid en die vrye wilsbeskikking van die Vader!
- Die volstruis ... met vlerke, maar kan nie vlieg nie. Die Here het die volstruis wysheid en verstand ontsê. 'n Voël op die grond, maar tog so vinnig dat die volstruis vir die perd en sy ruiter lag. Volstruisvoël, met vreemde eienskappe, maar tog 'n skepsel van God.
- Die valk ... so anders as die volstruis. In staat om hoog te kan vlieg en 'n nes in die hoogte te kan bou. Toonbeeld van wysheid en krag in sy vlerke. Dit is die Here wat dit bewerk.

En jy? Besef jy opnuut dat God se werke anders is as wat jy nuttig ag? Daarom is dit so nodig om vas te hou aan God ondanks die feit dat jy voel dat jy nie deur die Here regverdig behandel word nie.

Onbegryplik is my God, maar nie onverbiddelik nie. Genadig is die Here, die Vader van Jesus Christus.

Sing: Psalm 33:2

Dr. Pieter Heystek (Pretoria-Montanapoort)